# *Piekfyn Afrikaans Graad 5 Eerste Addisionele Taal Leesboek – memorandum*

---

## Stories

### *Die tier, die bok en die koolkop* – Linda Rode (bl. 1)

1. Leerder se eie gemotiveerde respons. Die man is die slimste want hy het agtergekom dat dit nie sou deug dat hy die tier alleen saam die bok los terwyl hy die koolkop aan die ander kant van die rivier gaan haal nie. Die tier het gedink hy sal die man kan uitoorlê, maar die man het ’n stokkie voor sy plan gesteek.
2. Die boot sou sink as hy die tier, die bok en die koolkop gelyktydig in die boot gelaai het. Leerder se gemotiveerde response om ’n oplossing te vind vir die situasie.

### *Grobbelaartjie van Velskoendorp* – Oskar Prozesky (bl. 4)

1. Grobbelaartjie. Die dorp naaste aan sy huis is Velskoendorp.
2. Met die aanvangsreëls, “Lank, lank gelede”.
3. a) As iemand ’n buffel is, het die persoon swak gedrag of is kwaadwillig. Die persoon kan ook nors en afsydig wees.

   b) Nee, sy geaardheid pas by hom want dit word van hom verwag om nors en afsydig te wees teenoor ander. Die vergelyking, so nors soos ’n buffel is van toepassing op Nebukadnezar.
4. Grobbelaartjie is een van dertien kinders; daar is nie meer genoeg kos vir almal nie; hy gaan ’n werk soek op die dorp om geld vir sy ouers te kan gee; Nebukadnezar sê vir hom daar is nie werk op die dorp nie en verontwaardig Grobbelaartjie; sy gesin is arm.
5. Daar is in beide wêrelde ’n tekort aan werk dus is ’n groot deel van die bevolking arm. Daar is mense wat jou sal wil probeer onderkry en wil ontmoedig van jou drome en ideale.
6. Kyk na die leerder se skets van Nebukadnezer.

### *Die fiets* – Maryke Wennick (bl. 7)

1. Stefan wil vir hom ’n fiets koop.
2. a) Dit word figuurlik bedoel. Dit beteken om na iets te kyk en nie te koop nie. Jouself te verbeel jy besit dalk alreeds die fiets, maar koop hom nie vir jouself nie.

   b) Die winkeleienaar vra vir Stefan of hy alweer na die fiets kom kyk het.
3. a) Stefan

   b) Vier – Stefan se ma, Stefan se sussie (Bella), die tannie op die bus en die winkeleienaar.

   c) Goedaardig; onselfsugtig; vrygewig. “Ek wil vir my sussie ’n porseleinpop koop”.

4. a) Wat die karakter doen
5. Eerstepersoonsverteller
6. Die verhaal speel af in Stefan se huis, in die bus en in die fietswinkel. Die tyd waarin die verhaal afspeel is in die teenwoordige tyd.

## *Die drie sustertjies* – Elsa Engelbrecht (bl. 11)

1. Kraal; hoofman; sepela; berge; Khandi/Thandi/Kgali; vee; knopkieries
2. Kgali. Kgali is altyd aan die woord. Hoofkarakters is die karakters in ’n verhaal aan wie die meeste verteltyd spandeer word.
3. Die ruimte waarin hierdie verhaal afspeel is in ’n kraal.
4. a) Ja, hy sou ’n goeie pa vir die drie sustertjies gewees het, want hy was baie ryk en hulle vee hoef dan nie ver van die kraal te wei nie. Nee, die drie sustertjies se moeder was nie lief vir hom nie en hy sou hulle dalk daarom stief behandel het. Die hoofman was ook baie suinig al was hy hoe ryk. Leerder se eie respons.

   b) Ja, mens trou nie met ’n persoon vir wie jy nie lief is nie.
5. Hulle wou nie hê dat die ander mense van die kraal agterdogtig raak nie.
6. Om die beeste vinniger aan te spoor sodat hulle kon wegkom sonder dat die hoofman se manne hulle vang.
7. Dit het begin reën en die honde kon dus nie meer hulle spore ruik nie.

## *Kevin se plan* – Marita van Aswegen (bl. 15)

1. Kevin is baie bly in die woud. “Kevin hou baie daarvan om alleen met sy bergfiets die woude ... te verken”; “hy tel ’n handvol blare op en druk dit teen sy neus”; “luister na die verskillende stemme van die voëls”; “kyk vir plekke waar die son se strale deur die digte blare probeer deurkom”; “grawe met sy hande in die blare”.
2. Hy het na die beste plek om ’n veldbrand te stook gaan soek op sy fiets sodat hy sy pa se werk kon terugkry as die dorp se brandweerman.
3. Leerder se gemotiveerde respons. Ja, sy pa het sy werk verloor en hulle gesin sou moes trek sodat sy pa in die stad ’n werk kon gaan soek. Nee, hy het die woud vernietig en die bruin rook wat ook in die lug ingegaan het, is sleg vir die aarde. Dit is onverantwoordelik en onveilig om met vuur te speel.
4. Leerder se gemotiveerde interpretasie van Kevin. Ja, hy is lief vir die woud en wil nie graag na ’n stad verhuis en die woud agterlaat nie. Hy voel jammer vir sy pa en glo dit is onregverdig dat sy pa na twintig jaar se toegewyde werk, afgedank is by die munisipaliteit. Nee, Kevin is selfsugtig, want hy verwoes die woud waarvoor hy so lief is sodat hy nie hoef te verhuis nie. Dit gaan lank neem totdat die woud na die veldbrand herstel het.

Kevin is slim, want hy weet dat die munisipaliteit sy pa weer in diens sal neem as ’n veldbrand toeslaan en dus neem hy die besluit om self iets aan die saak te doen. Kevin het ’n dom ding gedoen, want hy evalueer nie eers die nagevolge wat ’n veldbrand vir die omgewing in hou nie. Diere, bome, struike, blomme, insekte en voëls se tuistes word vernietig en hulle kan ook sterf.

5. ’n Woud is ’n natuurlike streek waar bome, struike, blomme ensovoorts natuurlik voorkom en ’n plantasie is ’n kunsmatige streek waar bome, struike, blomme ensovoorts opsetlik geplant word met die doel om handel te dryf.

## *Die skoenmaker se ghitaar* – Linda Rode (bl. 18)

1. Al het ’n persoon dalk ’n berg vol geld, maak geld ’n persoon nie gelukkig nie. Die vreugde en geluk wat ’n persoon in die lewe kry, is om jou lewe te geniet deur ’n eenvoudige lewenswyse te volg.
2. Leerder se eie gemotiveerde antwoord. Ja, die skoenmaker was dolgelukkig om elke aand op sy ghitaar te speel al was hy arm, maar toe sy ryk buurman hom kompenseer en die ghitaar koop, het hy en sy vrou baklei en besluit geld bring geen geluk vir hulle nie. Nee, al maak geld mens nie gelukkig nie, is geld nodig om vorentoe te beweeg en kos, klere, opvoeding en basiese behoeftes te kan bekostig. ’n Mens moet balans tussen die lekker dinge van die lewe en die formaliteite (soos om rekeninge te betaal) van die lewe kry, dan sal jy gelukkig wees.
3. Leerder se gemotiveerde interpretasie.

## *Die waterslang se vonkelsteen* – Linda Rode (bl. 21)

1. Dit sal altyd goed met die persoon gaan wat die vonkelsteen besit en al die mense sal lief wees vir hom of haar.
2. Jy word blind.
3. Ja, die naam Grootgeluk pas die jong man omdat die eienaar van die vonkelsteen vir altyd geluk sal hê. “Van daardie dag af gaan dit wonderlik goed met Eendag Grootgeluk”; “al die mense raak lief vir hom en bring vir hom presente”; “hy word die beste jagter van almal”.

## *Koeterwaal, die altyd-honger-kat* – Linda Rode (bl. 24)

1. Koeterwaal het baie ander name wat sinspeel daarop dat hy oorgewig, onbeskof en onvergenoegd is. “Yslike kat”, “reusekat”, altyd-honger-kat”, “nooit-genoeg-nie-kat” beskryf Koeterwaal se karaktereienskappe.
2. Die woord “gedorie” se sinoniem is “werklikwaar”, dus het die skrywer die storie met hierdie slotsin geëindig om uit te wys dat hierdie storie nie waar is nie, slegs ’n les aan die leser moet leer. Dit pas by die oeroue slotsin, “fluit-fluit, my storie is uit”.

## ***Drama***

### *Onderhoud met ’n polisiehond* – Marita van Aswegen (bl. 27)

1. Jy wil nie hê die persoon moet iets oorkom nie; jy is bang vir die nagevolge wat dit sal inhou as iets met die persoon gebeur.
2. Rex is ’n polisiehond.
3. ’n BMW
4. Vyf jaar
5. Rex het die aanhoudend geblaf.

### *Die plek van wit goud* – Marita van Aswegen (bl. 31)

1. Om die stroop van perlemoen in Suid-Afrika te keer van totale uitwissing.
2. Perlemoen
3. Om slim te wees; om bevoeg te wees om vir jouself te dink.

   Om iemand met ’n goeie idee te prys; as die persoon die regte ding op die regte tyd sê.
4. Die rotse word met sand oorspoel en dan kan die klipmossels nie meer vatplek hê nie. Kreef, vis en ander groter spesies kry dan nie meer kos nie. Dus versteur perlemoendiewe die hele oseaan se voedselketting.

## ***Gedigte***

### *Snoektyd* – I.D. du Plessis (bl. 35)

1. ’n Jong seun, seun van ’n visserman.
2. Hulle het weer ’n goeie vangs gehad, vis is weer volop.
3. “weer”
4. Uie
5. ’n Skuit is ’n klein bootjie.
6. 

   a) bloudam – see
   b) blinklywe – visse
   c) mootjie – tipe vis

d) snoekentjies – snoek
e) ywe – uie

## *Slamperliedjies* – C. Louis Leipoldt (bl. 38)

1. Dit kan daarop dui dat dit die nommer is van die hoeveelheid gedigte in die reeks of bundel. "X"is gelyk aan die Romeinse nommer tien, hierdie gedig verskyn tiende in die bundel wat die digter saamgestel het.

2. Met die sektretarisvoël

3. a) "stadige stappies"

   b) Die voël soek na kos.

4. "lange bene"

5. Die digter sê die sekretarisvoël het "groot, groot oë"

## *Klara Majola* – D.J. Opperman (bl. 40)

1. 

   a) Sy wou haar pa gaan haal.
   b) Hy het hout bymekaar gaan maak.
   c) Hy is blind.
   d) Net na sonsondergang – "skemerte"
   e) winter – "kapok"

2. Baie jonk

3. "verdwaal"

4. "Klein Klara Majola"

5. "koue geweld"

## *Die perderuiter* – Marita van Aswegen (bl. 42)

1. "jaag teen 'n wilde spoed" – perderuiters neem aan perdesport en hinderniswedrenne deel.

2. "sper"; "lat"; "byt"; "skuur"; "bloed"; "deurboor"; "skree"; "pynigende"

3. Leerder se interpretasie oor die versorging van hom of haar troeteldiere.

## *Die gogga-parade* – Fanie Viljoen (bl. 43)

1. "wir-r"; "tjir-r"; "klap-p"; "kir-r"

2. Ontsteld. Die spreker se beet- en groenslaai, boerewors, poeding en vla vir die piekniek word weggedra deur die gogga-parade van miere. Die spreker kan nie meer piekniek hou nie, want al die spreker se kos is bederf.

## *papegaai* – Clinton V. du Plessis (bl. 44)

1. 

   Iemand wat selfsugtig is:
   a) gee nie om hoe ander voel nie.
   b) dink altyd eerste aan homself.
   c) doen alles om homself te bevoordeel.

2. Leerder se eie afleidings. Dit is nie ’n goeie eienskap om selfsugtig te wees nie. Selfsugtige mense dink nooit eerste aan die ander persoon nie, benadeel ander voor hy/haar homself/haarself benadeel en sal nie met eie gemak iets opoffer vir ’n goeie doel nie.

3. Leerders se gemotiveerde respons. Papegaaie is oulik en kan praat, verg minder aandag en is ’n goedkoper troeteldier as ’n hond of ’n kat.

4. Leerder se interpretasie. Nee, wilde diere behoort nie in hokke nie en moet in sy natuurlike habitat gelos word. Wilde diere is nie troeteldiere nie en dit is gevaarlik om byvoorbeeld ’n tier of ’n leeu as ’n troeteldier aan te hou. Ja, jy kan ’n wilde dier dalk ’n beter lewe gee as wat hy sou gehad het in ’n onveilige area soos in Kenya of in die Kongo se woude.

## *Sproeireën* – D.J. Opperman (bl. 46)

1. Sy nooi en ouma
2. Aan ’n vrou
3. Die sproei wat uit ’n lemoenskil of nartjieskil kom as jy dit buig of knak.
4. Nartjie
5. Sy ouma het dalk heerlike pannekoek of selfs souskluitjies gemaak.

## *Roos van Soweto* – W.J. Pretorius (bl. 48)

1. Roos van Soweto
2. ’n Vlinder en ’n by.
3. ’n Amerikaanse bokser
4. Leerder se eie respons. Ja, jy beskerm jou mond met ’n mondskerm om te sorg dat jou tande nie beskadig word nie, die skeidsregter sal die geveg monitor volgens streng reëls en jou hande word beskerm met bokshandskoene. Nee, jy kan ernstige beserings opdoen wat breinskade, harsingskudding, rugbeserings, mondbeserings ensovoorts insluit. Dit is’n aggressiewe sportsoort.

## *Die sterre* – Hennie Aucamp (bl. 50)

1. Klein liggies wat ons sterre noem.

2. "Die son slaap onder 'n kombers/so oud soos die heelal"

3. Dit verwys na die gaatjies in die kombers.

4. Ons verlede en oorvertellings

5. Nee, daar is baie meer sterre in die heelal, geen mens sal presies weet hoeveel sterre daar in die heelal is nie. Die spreker wil vir die leser sê dat daar ongelooflike baie sterre is.

## *Eensame straatveër* – Carina Stander (bl. 53)

1. Hy is maer en dalk sieklik.

2. Versreël 4 – "lappiesbaadjie", 6 "skoene deurgeskuur" en 7 "slaap hy op 'n koue stoep".

3. "hulpgeroep"

4. Hy is alleen en verlang na geselskap.

---

# ***Inligtingstekste***

## *Uit ons geskiedenisdagboek* (bl. 55)

1. Wes-Kaap en KwaZulu-Natal
2. Rusland
3. Zimbabwe
4. Omrede die baie waterdamp wat die valle veroorsaak en wat dan soos rook
5. Wiskunde en Wetenskap

## *Geen wette vir 4-wielers kwel* (bl. 57)

1. b) Om mense in te lig oor vierwielers
2. Ja, dit sal minder ingewikkelde sinskonstruksies en woorde bevat en in 'n informele styl geskryf word. Nee, kinders moet op dieselfde vlak as volwassenes kan lees en verstaan wat in 'n teks aangaan.
3. Kinders. Dit lig kinders in oor die gevare wat vierwielmotorfietse vir hulle inhou.
4. Hulle kan ernstige beserings opdoen óf sterf in 'n ongeluk.

## *Uitvindings vir die huis* (bl. 59)

1. Kombuisstoof
2. 'n Gietysteroond
3. Outydse elektriese broodroosters het net die een kant van die brood gerooster, waarvolgens jy die brood moes omdraai om aan die ander kant ook te rooster. Moderne elektriese broodroosters rooster 'n sny brood aan beide kante tegelyk.
4. 'n Wiprooster is 'n elektriese broodrooster wat by 'n sekere hittegraad opwip en die stroom afskakel. Jou brood wip dan ook uit die rooster.

5.

| Kolom A<br>Jaar | Kolom B<br>Toestel |
|---|---|
| a) 1950 | outomatiese ketels |
| b) 1890 | elektriese stoof |
| c) 1927 | wiprooster |
| d) 1906 | elektriese wasmasjien |
| e) 1953 | mikrogolfoond |

6. ’n Uitvinding word beskerm deur so ’n toekenning van regte. As jy jou uitvindsel gepatenteer het, kan niemand so ’n produk vervaardig en verkoop nie, want die idee behoort aan jou.
7. 100C

## *Verslag: Planete met twee sonne* (bl. 61)

1. Planete met twee sonne
2. Om uit te vind of daar planete is met twee sonne.
3. Nasa se Spitzer-ruimteteleskoop, infrarooi-kamera.
4. 69
5. Omtrent 40%
6. Dit vorm wanneer twee asteroides teen mekaar bots.

## *Interessante dinge oor planete* (bl. 63)

1. Leerders se eie gemotiveerde response.
2. Leerders se eie beskrywings.
3. Leerders se eie gemotiveerde menings.

## *Die Glibberigste Rot – Fanie Viljoen* (bl. 65)

1. Nuusberig
2. Fiksie. Rotte is nie mense nie, dus sal hulle nie na die tronk gestuur word en dan probeer ontsnap nie.

## *Die Skoonste Spook – Fanie Viljoen* (bl. 66)

1. Leerders se eie gemotiveerde response.
2. Leerders se eie beskrywings.
3. Leerders se eie gemotiveerde menings.

## *Die Braafste Brak – Fanie Viljoen* (bl. 67)

1. Slegs oorlas
2. Wes-Kaap
3. ’n Ligmatroos
4. Leerders se respons. Bedroef – hy was nie regtig ’n oorlas nie, hy was slegs ’n hond en het braaf deel van die Koninklike Vloot geword en sy land gedien. Hy is oorlede. Gelukkig – Just Nuisance was ’n hond en het ’n bevordering tot matroos gekry. Hy is met ’n eerbetoon begrawe.

### *Die Wonderlikste Wonderplant – Fanie Viljoen* (bl. 69)

1. Groepbespreking
2. Hulle het die wêreld se enigste museum vir rooibostee opgerig.
3. Leerders se eie gemotiveerde menings.

---

## *Sosiale tekste*

### *Geselsbrief* (bl. 71)

1. Ja. Sy sê sy skryf baie omdat sy so baie verlang na hulle.
2. Sy vra of haar ouma vir haar ’n langbroek sal maak en die resep vir fudge.
3. Valentynsdag
4. Liefde
5. a) bakkery
   b) bakker

### *Uitnodiging* (bl. 76)

1. Laerskool Kroongolf se entrepreneursdag
2. Nathi Twala
3. Pryse sal toegeken word vir die beste produk, mooiste stalletjie en die beste bemarker.
4. Slegs handvervaardigde goedere mag verkoop word.
   Ouers mag die entrepreneurs help om die produkte te vervaardig.
   Entrepreneurs se stalletjies moet teen 9 vm. gereed wees en teen 2 nm. ontruim wees.
   Die beoordelaars se beslissing is finaal.
5. 17 Mei
6. By die skoolsekretaresse, mev. Isabel Molope.

### *Brief vir Oupa en Ouma* (bl. 78)

1. Sutherland
2. Jakoos het só baie goed om vir sy ouma en oupa te vertel dat dit al uit hom wil bars.
3. Sutherland is altyd die koudste in die winter en die groot teleskoop, SALT, is daar opgerig.
4. Om in die hemelruim in te sien.
5. ’n Ster is ’n brandende gasbal en is hulle eie ligbron. Sterre brand dan natuurlik uit. ’n Supernova is ’n ster wat ontplof het en wat met ’n helder lig brand.

---

## *Mediatekste*

### *Advertensie* (bl. 80)

1. Om mense aan te moedig om deel te neem aan die kompetisie.
2. ’n Brief pos, ’n e-pos stuur en bel.
3. Vier
4. ’n Geskenkpak uit die *Kroonsteen*-boekreeks deur Fanie Viljoen.
5. “Kul jou hier, kul jou daar! Hoeveel pote sien jy waar?”
6. Oefen jou brein

Oefen jou oë
Kyk weer na die illustrasie

## *Artikel* (bl. 82)

1. Om mense in nood te help.
2. Mense wat met tyd, energie of ’n vaardigheid ander se lewe kan verbeter.
3. Nee, jy kan ook in groepe deelneem.
4. Nee
5. By www.doitday.co.za

## *Pamflet* (bl. 84)

1. Papiervliegtuig-kompetisie
2. ’n Rit in ’n helikopter.
3. As jou vliegtuigie die verste vlieg op 18 September.
4. Op Kroongolf se strand
5. Inskrywings is gratis.
6. Ja, daar is ’n snoepie.